

Die Lewende Kerk



'n Lewe van Oorwinning

Weekblad van Die Gereformeerde Gemeente Bergbron
Sondag 22 November 2015

Baie Welkom by ons Nagmaaldiens!

www.bergbron.org.za

Erediens

Vandag se erediens word gelei deur di Stephan Briel en Leonard Baloyi
en past Gordon Calmeyer

Omgee:

- Ons loof en prys die Here vir die reën wat Hy gegee het na verlede Sondag se biddag vir reën. God is almagtig en goed!
- Ds Stephan en sy gesin het 'n beroep gekry na GK Middelburg-Noord. Mag hulle gelei word om die Here se stem te hoor oor hoe hulle moet besluit.
- Beide Dirkie Snyman en Carla van den Heever se pa's is siek met kanker.
- Beide Sarie Schoeman en Corrie Erasmus se broers is ernstig siek met kanker.
- Elise Minnaar sukkel met haar ingewande.
- Gerhard en Susan Botha het Dinsdagoggend 24 Nov. van 9:00 tot 11:00 'n onderhoud met Soekie in haar Radio Kansel program wat lewendig uitgesaai word. Op 23/11 bespreek hul die program met haar. Dit is 'n geleentheid om Arise in te sluit en deur te gee vir die land. Ons doen voorbidding vir die onderhoud.

Offergawes: ♦

Offergawes: 'D' gemerk: vir behoeftiges. Ongemerkt: instandhouding v/die erediens.

Afkondigings: ☀

- **Vandag** vier ons Nagmaal saam met die gemeente Jabavu. Baie welkom aan almal asook aan ds Leonard Baloyi wat die Woord gaan verkondig.
- **Kerkraad vergader** DV Dinsdag, 24 Nov, om 19:00 in die kuierkamer.
- Na die diens is daar 'n gesamentlike **Kerrie-en-rys ete** met lidmate van Jabavu en Meadowlands. Almal is uitgenooi – die ete sal in die groot klaskamer bedien word.
- **Die Almanakke** wat bestel en betaal is, sal DV na Dinsdag (24/11) by die kerkkantoor of volgende Sondag by die kerk beskikbaar wees.
- **Woensdag** is daar soos gewoonlik geleentheid om saam te bid vanaf 18:30 in die kuierkamer.
- **Donderdag (26/11)** vergader Gerhard en Susan Botha met belanghebbendes oor volgende jaar se Arise geleentheid. Kontak Gerhard (083 537 9770) vir details.
- **Vir afkondigings of berigte** (asb. voor Donderdag) in DLK kontak Ankie (011 673 9705, kantoor@bergbron.org.za of sms na 072 651 8286).

Vroue-aksie

- Baie dankie en seënwenne vir **Annette Müller en Elma Mulder** wat hulle self diensbaar stel vir die koördinerings van die Vroue-aksie se take volgende jaar.
- Hulle vra asseblief dat die dames wat volgende jaar steeds kan voortgaan om te **help met teeskink en ander funksies** én dames wat wil aansluit by hulle so vir Annette by 082 449 2234 of Elma by 082 416 4138 sal laat weet. Indien jy wil, is daar 'n vormpie wat ingevul kan word agter in die kerk.
- Volgende Sondagaand (29/11) na die Kerssangdiens wil ons lekker kuier in die saal. Almal word gevra om asseblief 'n **bord soet en/of sout eetgoed** te bring vir die geleentheid.

Onthou Kerssangdiens 29 November 18:00

Lekker verjaar ...! 🕯

Verjaardae in die week:

24/11 ISÉBEL MACLEOD	076 371 7463
27/11 JOSEPH HOOD	074 620 8058

Mag die Here jou oorvloedig seën

AS GOD BID 3

Die derde Hoofstuk kan ons noem: **Fotos /“Flitse” van God**. In die gedeelte kyk ons na:

Die onbeskryflike God

Die moderne skrywer Eugene Peterson het die volgende stelling gemaak: Gebed is nie deur ons as mense geïnisieer nie maar is iets wat deur ons Skepper geïnisieer is.

Wanneer ons bid tot ons Vader in die hemel, **tot wie presies bid ons?** Die Skrif gee vir ons leidrade of gedeeltelike prentjies van God. Tog is niks hiervan genoegsaam om Hom te beskryf nie. Ons weet nie regtig met wie het ons te doen nie! Hy is die ewig onbeskryflik wese - ‘n Vers wat Bybelskrywers gebruik is Hebreërs 9:5 om te praat van **Sy heerlikheid**.

Die HAT definieer **Heerlikheid** as Glans, Skittering, Uitnemende skoonheid, Prag en Voortreflikheid..... Selfs in die definisie kom ons in aanraking met woorde wat nie in ons alledaagse gebruikstaal voorkom nie. Die lied “**Majesteit**” is ons reaksie op die Bybelse beskouing van God se heerlikheid.

Kom ons kyk hoe drie Bybelse figure, uit drie verskillende generasies God se heerlikheid beskryf.

Die profeet Jesaja is eerste aan die woord: (Jes.6:1) - *In die jaar van koning Ussia se dood het ek die Here gesien. Hy het op ‘n baie hoë troon gesit, en die onderste van sy kled het die tempel gevul. Jesaja sien ‘n heerlikheid wat onbeskryflik is. ‘n Heerlikheid wat die hele tempel oorspoel. ‘n Heerlikheid wat so onbeskryflik groot is dat dit hom maak om neer te val op sy gesig.*

Die apostel Johannes bring weer meer duidelikheid as hy sy eerste gesig (flits) van die heerlikheid van die verheerlikte Christus in die hemel beskryf.¹⁴ *Die hare op sy kop was wit soos wol, soos sneeu, en sy oë het soos vuur gevlam.*¹⁵ *Sy voete was soos geelkoper wat in ‘n smeltoond gloei, en sy stem soos die gedruis van ‘n groot watermassa.*¹⁶ *In sy regterhand het Hy sewe sterre gehad, en ‘n skerp swaard met twee snykante het uit sy mond gekom. Sy hele voorkoms was soos die son wat op sy helderste skyn.* (Openb. 1:14-16)

Neem kennis dat die apostel Johannes ‘n baie noue verhouding met Jesus gehad het toe Hy op aarde was. Hy het selfs met sy kop op Jesus se skouer gelê. Maar toe Hy die verheerlikte Jesus sien wat voor hom staan met oë wat soos vuur gevlam het, het hy in eerbied neergeval.

Die profeet Esegïel kom gee kleur aan die tafereel.²⁶ *”Bokant die gewelf bo hulle koppe was daar iets soos saffier met die vorm van ‘n troon, en daarop was ‘n gestalte met die voorkoms van ‘n mens, hoog daarbo.*²⁷ *Van wat gelyk het na sy heupe, daarvandaan boontoe, het dit vir my gelyk na die glans van gloeiende wit metaal, na iets soos vuur met ‘n rand rondom, en van wat gelyk het na sy heupe, daarvandaan ondertoe, het dit vir my gelyk na vuur met ‘n helder glans rondom. Die glans rondom was soos die van die reënboog in die wolk na die reën. Dit was soos die magtige verskyning van die Here. Toe ek dit sien, val ek plat en ek hoor ‘n stem praat.”* (Eseg.

1:26-28)

Die beskrywings wat die drie manne gebruik, is so buite die daaglikse gebruikstaal dat ons dit skaars kan begryp. Ons weet egter genoeg van God dat ons begryp dat Hy nie net lig reflekteer nie, Hy is Lig.

Al bogenoemde visioene of flitse is maar 'n voorsmakie van die onbeskryflike heerlijkheid van God. Nie een van die drie persone wat die heerlijkheid van God gesien het, kan dit in detail beskryf nie. Bloot omdat daar niemand is na wie God lyk nie. Nie-teenstaande die flitse/ visioene gee dit vir ons genoegsame insig oor Sy heerlijkheid. Dit dring ons om aan te hou met lofprysing in ons gebede, vir die res van ons lewe en tot in alle ewigheid.

Persoonlike gebed.

Glansryke Een in die hemel

U is baie meer, soveel groter, so ver verhewe bo enige iets wat ons klein menslike verstand ons kan indink. Hierdie beskrywings van U het my gehelp om te verstaan dat U is

U skoonheid is onvergelykbaar, buite enige poging van beskrywing. U alleen is waardig om die heerlijkheid te verdien wat soos 'n reënboog om U skyn.

Wat kan ek U bied – wat kan ek doen! Slegs Lof en Aanbidding vanuit die diepte van my hart. Dit is

Amen

Ander Brokkies

- Elzette van Niekerk is dringend op soek na werk vir haar huishulp, Sophie, vir 2016. Sy is baie betroubaar en werk al 15 jaar vir hulle. Kontak haar gerus vir haar CV by elzette.vanniekerk@maragon.co.za of sel 072 750 1008 .

Bergbron besonderhede

Bergbron webwerf: www.bergbron.org.za

Ds. Stephan Briel – herder en leraar: 011 477 2133, 082 253 3029,
stephan@bergbron.org.za

Musiekdiensgroep – vakant (kontak ds Stephan of kerkkantoor)

Jeug – Vernon Fortune: 071 217 7792, vernonfor.vf@gmail.com

Gebedsgroep – Gerhard en Susan Botha 083 537 9770

Bankbesonderhede: Gereformeerde Gemeente Bergbron, ABSA Parktown, rek. 180 350 349

Kantoorure: Dins, Do en Vrydae van 09:00 tot 13:00. Tel. 011 673 9705

kantoor@bergbron.org.za

Diakens: kontak Carel Cornelissen: 083 717 0003.

Ouderlinge: Wesley Abourizk 083 440 2782; Pieter de Klerk 082 464 9480;

Pierre Douglas 083 307 8865; Jacques Moolman 072 277 0036; Fanie Olivier 079

710 2344; Willie Volschenk 082 777 7734.